Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

**Verklaring van die Studentesake Transformasieforum insake die Huis Marais-voorval**

*19 Mei 2022*

Die Studentesake Transformasieforum, as verteenwoordigend van verskillende sentrums en kampusse binne die Afdeling Studentesake, waaronder die Studenteraad (SR) en die universiteit se Transformasiekantoor verteenwoordig word,wil ons graag sterk uitspreek teen die onlangse voorval by Huis Marais op Sondag 15 Mei 2022, waartydens ŉ student op ŉ medestudent se besittings geürineer het. Ons verafsku alle vorms van diskriminasie en geweld – hetsy openlik of agteraf – mikroaggressie, seksuele aanranding en dade wat die menswaardigheid van ons personeel en studente skend, ingesluit, maar nie daartoe beperk nie.

As ŉ forum het ons onlangs ons **Studentesake Transformasiehandves** [1]bekend gestel en hierdie voorval druis in teen ons plegtige voorneme wat ons daartoe verbind om "ŉ transformerende leerervaring te skep vir ons studente en personeel, wat almal insluit, ongeag sosio-ekonomiese status, ouderdom, ras, gender, vermoë, seksualiteit, huwelikstaat, geloof, etniese of maatskaplike oorsprong, kultuur, nasionaliteit, taal en geboorte, deur die universele reg op respek vir mense se veelvoudige en verskillende identiteite en uitdrukkings daarvan in werking te stel."

As Studentesakepersoneel onderneem ons om:

(i) ŉ leertuiste te bied waar alle mense kan gedy en met respek en menslikheid behandel word;
(ii) ŉ ruimte te skep waar ons personeel en studente veilige ruimtes kan vind om hulleself te wees; en
(iii) ŉ sin van gedeelde menslikheid en menswaardigheid in te skerp.

Ons erken dus dat daar nog baie gedoen moet word om *al* die ruimtes aan die Universiteit Stellenbosch (US) te transformeer.

[1] Afdeling Studentesake Transformasiehandves



forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Division Student Affairs | ICandelo Lemiba Yabafundi | Afdeling Studentesake
+27 21 808 4585 | studentesake@sun.ac.za | www.sun.ac.za
Private Bag X1 | Privaat Sak X1 | Matieland 7602 | South Africa | eMzantsi Afrika | Suid-Afrika

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

Na aanleiding van verskeie voorvalle wat in die Huis Marais-manskoshuis plaasgevind het, het die Rektoraat in 2019 besluit om die koshuis vir iets anders te gebruik. Die besluit is geneem op aanbeveling van die Sentrum vir Studentegemeenskappe, die Afdeling Studentesake en die Viserektor: Leer en Onderrig. Die leierskap van Studentesake en die Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG) het besluit om die koshuis te herstruktureer om seker te maak dat dit inklusief raak en die waardes van die instelling weerspieël. In 2020 het gesprekke tussen Studentesake, die SSG en die koshuisleierskap tot die volgende besluite gelei, wat in 2020 aan die koshuisleierskap en die res van die universiteit gekommunikeer is:

- Geen eerstejaarstudente sal in 2021 in die koshuis geplaas word, soos in 2020 nie.
- ʼn Gemengde koshuis, met vroue ingesluit, sal geskep word.

In 2020 het die Rektoraat besluit om bogenoemde besluite wat deur Studentesake gekommunikeer is, te herroep. Hierdie besluite is herroep onder druk van prosesvoering deur alumni en ook in ʼn poging om gemeenskaplike terrein tussen die Universiteit, die huiskomitee en die alumni van Huis Marais te vind.

Verskeie ekstern-gefasiliteerde konsultasies met die inwoners het gevolg, waartydens die koshuisleierskap en die inwoners hulle daartoe verbind het om die kultuur in die koshuis te transformeer en aan diversiteit en inklusiwiteit te werk.

Die onlangse voorval lig weer uit dat baie nog gedoen moet word en dat die ingrypings wat deur die Rektoraat ingestel is om die kultuur en etos van Huis Marais te verander, nie die verlangde resultate opgelewer het nie.

Uit die toevloed voorvalle wat aangemeld word, blyk dit duidelik dat die kultuur van toksiese manlikheid en rassisme steeds in ons koshuise en universiteitsruimtes vasgelê is. Dit het egter geen plek in ʼn diverse, multikulturele en veeltalige universiteit en groter samelewing nie.

Die Forum, in samewerking met die US Transformasiekantoor, beveel dus die volgende praktiese stappe vir die pad vorentoe aan:





Division Student Affairs | ICandelo Lemiba Yabafundi | Afdeling Studentesake
+27 21 808 4585 | studentesake@sun.ac.za | www.sun.ac.za
Private Bag X1 | Privaat Sak X1 | Matieland 7602 | South Africa | eMzantsi Afrika | Suid-Afrika

1. Ons versoek ŉ deursigtige verklaring deur die US wat die **dissiplinêre stappe** ten opsigte van die voorval in Huis Marais in besonderhede uiteensit, met die tydsverloop en ŉ verduideliking van die proses ingesluit. Om aanspreeklikheid te verseker, moet hierdie verklaring soos nodig bygewerk word.

2. Dit is noodsaaklik dat die opleiding van alle huiskomiteelede, waaronder Huis Marais, opleiding in robuuste **noodsaaklike diversiteitsgeletterdheid** en **geweldlose genderinteraksie** insluit.

3. As Studentesakepersoneel moet ons **waardering vir die geleefde ervaring** van studente en personeel uit *alle* agtergronde ontwikkel, sodat ons voldoende toegerus is om kwessies van diversiteit en inklusiwiteit te hanteer. Dit is dus nodig om ŉ **veilige ruimte vir Studentesakepersoneel** te skep **om te ontlont** ná voorvalle van rassisme, gendergebaseerde geweld, ander vorms van diskriminasie en die wanbalanse in die magshiërargie aan die US.

4. Volgens die terugvoer uit die Studentesake Transformasiespitsberaad van 11 Maart 2022, moet **Studentesake se bestuur die kwessies** wat by hulle aangemeld word**, onmiddellik hanteer** wanneer dit herhaaldelik voorkom en nie op ander vlakke opgelos word nie.

5. Volgens die **aanbevelings van die Addendum tot die Transformasiehandves**[2], moet die Studentesake Transformasiehandves "deel wees van die verwelkomingspakket vir nuwelinge (nuwe studente)".

6. **Raadpleeg die US Transformasiekantoor** tydens die beplanning van ko-kurrikulêre en personeelontwikkelingsintervensies.

7. Ons versoek die instel van ŉ **kommissie van ondersoek** om rassisme en ander vorms van diskriminasie en gendergebaseerde geweld, wat steeds diep aan die US vasgelê is, te verken met die doel om sistemiese veranderinge aan te bring.

8. Ons doen ŉ beroep op die Rektoraat om tasbare stappe te doen om transformasie teweeg te bring, in die vorm van ŉ **US Transformasiebeleid**, saam met ŉ transformasieplan met meetbare aanduiders wat die verskillende omgewings vir die dekolonisering en transformasie van die US op alle vlakke verantwoordelik hou.

9. Ons doen ŉ beroep op die **Rektoraat om te besin en aanspreeklikheid te aanvaar vir die herroeping van die besluite wat in 2020** ten opsigte van die herstrukturering en transformasie van Huis Marais **geneem is**.

[2] Addendum by die Afdeling Studentesake se Transformasiehandves





Division Student Affairs | ICandelo Lemiba Yabafundi |Afdeling Studentesake
+27 21 808 4585 | studentesake@sun.ac.za | www.sun.ac.za
Private Bag X1 | Privaat Sak X1 | Matieland 7602 | South Africa | eMzantsi Afrika | Suid-Afrika